

Mandala Madness Deel 2

Hierdie week gaan julle almal verander word in mooi sterretjies, so laat jou kreatiwiteit glinster en blink. Moenie vergeet om jou werk met ons te deel nie, sommer op facebook waar daar 'n wonderlike hoeveelheid hulp wag vir julle wat dalk bietjie sukkel.

Die trippel trossie in hierdie deel herhinner my aan 'n Fleur De Lys, wat 'n gestileerde lelie is wat eeuwe oud is, dit is ook my gunsteling manier om trossies te gebruik.

Ek wil graag dankie se aan Kimberley Slifer en die admin span van [Official CCC Social Group](#) wat hierdie CAL begelei, asook die wonderlike dames van [CAL - Crochet A Long](#) groep wat 'n fantastiese taak verrig met die vertalings. Hulle maak seker ALMAL regoor die wêreld kan deelneem.

- ♥ As jy nog nie die inleiding gelees het nie, kan jy dit [here](#) kry. Jy sal al die inligting daar kry soos die tipes wol pakette beskikbaar, hoeveel wol jy benodig, pen groottes, die grootte van die kombers en al die ander inligting beskikbaar.
- ♥ Dit is beslis die moeite werd om die hoof [Mandala Madness](#) bladsy te boekmerk omdat jy al die inligtingstukke en weeklikse dele daar sal kry.
- ♥ Jy kan ook hierdie CAL by jou [Ravelry](#) lys voeg.
- ♥ Onthou asseblief dat hierdie my ontwerp is en dit word deur die wet op kopiereg beskerm. Jy mag wel die skakel na hierdie bladsy met enigeen deel, jy mag ook die bladsye met aanwysings en fotos druk vir jou eie gebruik, maar jy mag dit nie op enige manier verander nie. Ons behandel mekaar met liefde en respek. ♥
- ♥ Ek stel voor dat jy deur die foto aanwysings kyk hier voordat jy die pdf dokument aflaai waarvandaan jy gaan werk. Dit is aan op die laaste bladsy van die aanwysings.
- ♥ Daar is ook aanwysing op video beskikbaar deur Esther Dijkstra van [itsallinanutshell](#) op die laaste bladsy van hierdie aanwysings.

♥ **Vertalings**

♥ Duits ♥ Sweeds ♥ Frans ♥ Germaans ♥ Spaans ♥ Pools ♥ Afrikaans

♥ **Materiaal en kleure**

Vir hierdie projek gebruik **Scheepjes Merino Soft** en 'n 4 mm Clover Amour Hekelpen.

Die kleure wat in elke rondte gebruik word word hieronder gelys, hulle word nie in die pdf dokumente bygesit nie en daarom sal jy nou 'n nota moet maak van watter kleurskema jy gaan volg.

Merino Soft



Colour Crafter



Stonewashed XL



Rounds
16, 17, 18

Hockney 638

Rounds
19, 20, 21

Monet 639

Rounds
22, 23

Hockney 638

Wolvega 1099

Heerlen 1432

Wolvega 1099

Ruby 848

Deep Amethyst 851

Lilac Quartz 858

Mandala Madness

Kopiereg: Helen Shrimpton, 2015.
Alle regte voorbehou.
Deur: Helen at www.crystalsandcrochet.com

US terme word deurgaans gebruik.



Deel 1

Afkortings

st, sts	Steek, Steke	hlb	Halwe Langbeen	vslalleen	Voorste lus alleenlik
rd	Rondte	lb	Langbeen	alsalleen	Agterste lus
ks	Kettingsteek	dlb	Dubbelstaglangbeen	vhk	Voorste hekkie
gs	Glipsteek	drieslb	Drieslaglangbeen	ah	Agterste hekkie
kb	Kortbeen	vierslb	Vierslaglangbeen		

(*)Wenke:* Word getik in "italics" en pers, dis om jou te help en in die regte rigting te stuur en hopelik jou lewe te vergemaklik, spesiaal vir ons beginners.

Verwysings na fotos (*P*) met die relevante foto nommer.

** Herhaal instruksies tussen sterretjies vir die aantal kere gespesifiseer. Dit is normaalweg 'n herhaling vir die hele sy en sal uit 'n paar instruksies bestaan.

(*)* Herhaal instruksies tussen hakies vir die hoeveel keer aangedui. Dit is 'n laer vlak van herhaal.

Spesiale steke

Gevoude kb: Druk die pen in die agterste lus van die volgende dsl in en in die agterste lus van dieselfde steek in die volgende ry, draad om pen en trek deur 2 lusse, draad om pen en trek weer deur twee lusse.

16. Heg met 'n staande kb in die 24^{ste} agterste lus [5^{de} vanaf die einde] van enige groep, kb in die volgende st,

*kb in die 4^{de} ahkb van die volgende groep, kb in die volgende st, 5 ks, **ahkb** aan die bokant van die middelste dlb [R13], 5 ks, kb in die 24^{ste} ahkb, kb in die volgende st.*

Herhaal van * na * 7 maal, slaan die laaste 2 kb oor.

Heg aan die 1^{ste} kb met 'n gs.



17. 3 ks [*tel as jou eerste lb*] of maak 'n staande lb, lb in die volgende 3 st.
*in jou 5 ks spasie (2 hlb, 3 kb), slaan ahkb oor, in jou volgende 5 ks spasie (3 kb, 2 hlb). Lb in die volgende 4 st.

* Herhaal van * na * 7 maal, slaan die laaste 4 lb oor. Heg aan die bokant van jou begin 3 ks.

48 kb, 32 hlb, 32 dc.



18. Gs in jou 3^{de}, (maak 'n begin dlb trossie, 3 ks, dlb trossie, 3 ks en weer 'n dlb trossie) alles in dieselfde st (*3^{de} lb*], *4 ks, slaan volgende 5 st oor, kb in die volgende 2 st, 4 ks, slaan volgende 6 st oor, in die volgende st [*3^{de} lb*] (dlb trossie, 3 ks, dlb trossie, 3 ks, dlb trossie).*
Herhaal van * na * 6 maal, 4 ks, slaan volgende 5 st oor, kb in die volgende 2 st, 4 ks, slaan volgende 6 st oor.

Heg aan begin trossie, heg af en werk drade weg.

16 kb, 24 dlb trossie, 16 3 ks spasies, 16 4 ks spasies.



19. Wenk: in hierdie rondte sal jy in die st van rondte 15, 17 en 18 werk, omdat dit nogal langdradig is het ek instruksies gelys om dit makliker te maak om te volg.

Heg met 'n staande kb deur die ah van die 14^{de} ahkb [R15] en die 1^{ste} kb van enige paar kb [R18],

slaan die volgende ahkb oor [R15] en maak 'n kb deur die ah van die volgende ahkb [R15] en die 2^{de} kb [R18], jy werk voor die 4 ks hlb in die volgende 2 st [R17], lb in die volgende 2 st [R17], kb in trossie [R18], 3 kb in volgende 3 ks spasie, kb in volgende trossie, 1 ks. [vorm punt spasie], 3 kb in die volgende 3 ks spasie, kb in trossie, kb in die volgende 4 ks spasie, werk voor die 4 ks en in (R17), slaan die 1^{ste} st oor, lb in die volgende 2 st, hlb in die volgende 2 st, kb deur die ah van die 14^{de} ahkb van [R15] en in die 1^{ste} kb van [R18].

Herhaal van * na * 7 maal, slaan laaste kb oor..

Heg met gs 1^{ste} kb.

96 kb, 32 hlb, 32 lb.

Wenk: 1 ks spasies word nerens bygetel as 'n st nie.



20. 1 ks, kb in dieselfde st, kb in die volgende 2 st,
*hlp in die volgende 8 st, in jou 1 ks spasie (2 hlb, 1 ks, 2 hlb), hlb in die volgende
8 st, *maak seker jy mis nie die 1^{ste} st nie*, kb in die volgende 4 st.*

Herhaal van * na * 7 maal, slaan die laaste 3 kb oor.

Heg met gs aan 1^{ste} kb.

32 kb, 160 hlb.



21. 1 ks en kb in dieselfde st, kb in die volgende 2 st, *hlp in die volgende 10 st, 5 hlp in die 1 ks spasie, hlp in die volgende 10 st *maak seker jy mis nie die 1^{ste} st nie*, kb in die volgende 4 st.*

Herhaal van * na * 7 maal, slaan die laaste 3 kb oor.

Heg aan jou 1^{ste} kb, heg af en werk drade weg.

32 kb, 200 hlp.



22. Heg met 'n staande dlb in die vh van die laaste hlb in enige hlb groep, *2 ks, slaan die volgende 4 kb oor, vhdlb in die volgende 25 st.*

Herhaal van * na * 7 maal, slaan die laaste vhdlb oor.

Heg aan 1^{ste} vhdlb **voorste lus alleenlik** met 'n gs.

200 vhdlb, 8 2 ks spasies.



23. Maak 'n gevoude kb in die staande vhdlb, *slaan die 2 ks oor, maak 'n gevoude kb in die volgende 25 vhdlb, [maak seker dat jy in die los ah [R22] aan die basis van elke st, veral om die punte, werk].*

Herhaal van * na *7 maal, slaan die laaste gevoude kb oor.

Heg aan jou 1^{ste} gevoude kb, heg af en werk drade weg.

Plaas 'n merker in die 13^{de} gevoude kb van elke punt.

200 gevoude kb.



Geluk! Jy het nou 'n pragtige 8 punt ster en jy het deel 2 voltooi.....

Sien jou volgende week!